COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

306 Edition

5 June 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




VISIT US
curro.co.za

CURRO
HERMANUS

028 316 4911
hermanus.admin@curro.co.za



Hoërskool eerste netbalspan





Charles Faasen.
Overberg Skaak Kampioenskappe.




u7 Hockey Cubs (want ons is die Curro Lions) speel in wind en reën en glimlag die heeltyd!




Thurlin Lukas. Graad 8. u16 Hokkiespan.





u11 Rugby teen Laerskool Overberg



Petri Olivier. Graad 10. u16 hokkiespan.





2025 het die leerders vir Mnr Vermeulen verras met 'n piepklein worshondjie vir sy verjaarsdag.
Milo is nou yslik groot, en het vir die leerders kom kuier.

COMMUNITY NEWSPAPER

# Gans Berg Nuus/News


PRICE R15.00

306 Edition

5 June 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

| Plaaslike tuisbrouers | Jason Vanporppal | Boekenhoutskloof | Manne-ontbyt | Canoeing Team | Kappityters |
|---|---|---|---|---|---|



# RESIDENTS INVITED TO DISCUSS ESKOM CRISIS AT PUBLIC MEETING

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




"Over the past few weeks, our communities have experienced ongoing challenges relating to Eskom power outages and electricity supply disruptions. I have given this matter considerable thought and cannot help but feel deeply for the plight of our residents, businesses, and even councillors who themselves live within these affected areas," said Councillor Clinton Lerm. "It is also important to note that many of the Eskom-related electricity challenges affecting Eskom direct-supply areas are longstanding concerns that residents have faced for a number of years, with recurring outages and infrastructure-related issues continuing to impact the community."


*Councillor Clinton Lerm.*

Given the importance of engaging directly with the community in an open and constructive manner, a public meeting has been announced for all Eskom direct customers and affected residents of Greater Gansbaai, specifically those residing in Wards 1, 11 and 14. During the meeting, Eskom-related electricity challenges facing the community, the steps currently being taken, and possible ways forward will be discussed. The meeting will be attended by Councellor Clinton Lerm, the Senior Manager for Electrical Services of Overstrand Municipality, and Mr George Lotter. The ward councillors will also be present as part of the delegation.

**Topics to be discussed include:**
*Feedback on engagements with Eskom; *An explanation of the role and limitations of Overstrand Municipality regarding Eskom infrastructure; *Listening directly to the concerns and experiences of residents; *Exploring possible solutions and constructive proposals together as a community. "We believe that transparent communication and community participation are essential during times such as these, and we encourage all affected residents to attend and participate in the discussions," Clinton said. "We look forward to engaging with the community and working together in the best interests of all residents."

In a telephone interview with the *Gans-Berg News*, Clinton said an important aspect of the matter is the enormous public response to the petition. "We are currently approaching 7,000 participants who have already taken part, clearly demonstrating the significant impact the Eskom crisis is having on residents, businesses, and the broader community." He said people are becoming increasingly concerned about Eskom's infrastructure and the reliability of the network. Although the municipality is doing its part to provide support wherever possible and assist residents, everyone ultimately remains dependent on Eskom's network and infrastructure. "We also understand that the recent storm damage exposed underlying Eskom problems that have existed for quite some time, and we are sincerely grateful to the local Eskom teams who, under very difficult circumstances, are doing everything within their power to restore electricity and assist communities."

Clinton emphasised that the larger issue lies with infrastructure, maintenance, and adequate investment in the network over many years. This, he said, is precisely why so many residents are making their voices heard and calling for long-term solutions and greater attention to the condition of the infrastructure. "What stands out to me in particular is that this is not only about frustration, but about residents actively calling for solutions and intervention," he said. "The public meetings have also produced valuable input, and it is important that the community's voice is heard."

**Meeting Details:**
**Date: Friday, 19 June 2026**
**Time: 15:00**
**Venue: Gansbaai Tourism Office**

"We look forward to engaging with the community and working together in the best interests of all residents," Clinton said.

**Hardus Botha**

# Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




# Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
De Kelders NHW Phone: 060 924 0484
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Plaaslike tuisbrouers wen groot by Brew Wars

Gereelde berigte oor interessante aktiwiteite van 'n verskeidenheid klubs in Groter Gansbaai is al geplaas - nou het die *Gans-Berg Nuus* met die voorsitter, Herman Bisschoff, en visie-voorsitter, Andries du Plooy, van die Overberg Brewers & Distillers-klub gaan gesels. Dit mag na 'n unieke klub klink, maar tuisbrouers van bier is wêreldwyd aktief, met internasionale kompetisies wat aangebied word - so ook in Suid-Afrika.

"Ons klub is sowat 'n jaar en 'n half gelede gestig, met ons eerste vergadering wat einde Januarie 2025 gehou is. Tans bestaan die klub uit tien lede, met agt wat oud-bierbrouers is en ons kom een maal per maand bymekaar," vertel Herman, met die klub wat op sy inisiatief gestig is. Ongeag die klub se "jong" ouderdom, was hulle onlangs die trotse wenners van die gesogte Brew Wars Interklubkompetisie tydens die BeerEx in Kaapstad, waaraan tien klubs van regoor die Wes-Kaap deelgeneem het, met Overberg Brewers & Distillers-klub wat loshande gewen het. Vir die kompetisie kon deelnemers hul eie bierbrou-toerusting saambring, maar die bestanddele was 'n "geheim". Die finale produkte is aan 'n groot aantal proeërs voorgesit, sonder dat hulle geweet het wie die brouers was. Die wenners is volgens die aantal stemme vir die beste bier bepaal. Overberg Brewers & Distillers-klub het 34 uit die 150 stemme gekry - 12 stemme meer as die naaswenner - uitstekend!

Die *Gans-Berg Nuus* se onderhoud met Herman en Andries was 'n ware "*eye-opener*" vir die leek op die gebied van tuis-bierbrouery. Altwee die manne het jare se ervaring in hierdie stokperdjie - Herman sowat 14 jaar en Andries sowat agt jaar. "Tuisbierbrouery is 'n baie interessante kombinasie van wetenskap, kreatiwiteit en sosiale kuierkultuur," het



***Herman Bisschoff (voorsitter) en Andries du Plooy (visie-voorsitter) van die Overberg Brewers & Distillers-klub.***



***Die wenspan in Kaapstad, met voorsitter Herman Bisschoff regs.***

Herman gesê. "Dit verwys na die maak van bier op klein skaal as 'n stokperdjie by die huis." Andries het bygevoeg dat mense hul eie bier hoofsaaklik brou vir die liefde van die kuns en om met nuwe geure te eksperimenteer. Die bier word net vir sosiale gebruik aangewend en nie om te verkoop nie.

Verdere interessante inligting is dat bier hoofsaaklik uit vier bestanddele gemaak word: water, mout (gewoonlik gars), hop en gis. Elkeen van hierdie bestanddele beïnvloed die smaak, kleur en aroma van die bier. Die hoeveelhede, en soms ander bestanddele, is elke brouer se "geheim" om sy bier uniek en smaaklik te maak. In kort, en in leketaal, verloop die proses van bierbrou soos volg: Eerstens vind die "mashing"-proses plaas, waar die mout in warm water geweek word sodat die stysels in suikers verander. Daarna volg die kookproses, waar die vloeistof ("wort") gekook word en hop vir bitterheid en geur bygevoeg word. Vervolgens vind fermentasie plaas, waartydens die gis bygevoeg word. Die gis "eet" die suikers en produseer alkohol en koolstofdioksied. Laastens volg bottelering en rypwording, waar die bier gebottel word of in vaatjies geplaas word om verder te ontwikkel.

"Vir baie brouers gaan dit nie net oor die drink van bier nie, maar veral oor vakmanskap, eksperimentering, kameraadskap, geduld en die trots om iets self te skep," het Herman die onderhoud afgesluit. "Tydens proe-aande word resepte, tegnieke en idees uitgeruil en klublede leer sodoende by mekaar, met die klem op gesellige en sosiale samesyn." Herman en Andries nooi inwoners van die Overberg, vanaf Hermanus tot by Bredasdorp, uit om by die klub aan te sluit. Dit geld vir diegene wat reeds tuisbrou toepas, asook vir mense wat belangstel om die kuns van bierbrou aan te leer.

"Ons sal graag nuwe lede in die klub wil verwelkom. Hulle is ook welkom om, met vooraf bespreking, ons maandelikse byeenkomste by te woon," het Herman gesê. Die klub kom elke eerste Donderdag van die maand by Whale Coast Brewery in Pearly Beach bymekaar. Vir enige navrae kan Herman Bisschoff (voorsitter) by 082 322 0548 gekontak word, of Andries du Plooy (visie-voorsitter) by 084 580 1497.

**Hardus Botha**



***Dave Sawtelle by sy gesofistikeerde toerusting vir tuis-bierbrouery.***









# From Skateboard to Shark Boat
# Jason Vanporppal visits Gansbaai before heading home



*Jason Vanporppal, American skateboarder, in front of Marine Dynamics' vessel, Slashfin, before embarking on an exciting shark-viewing excursion off the Gansbaai coast.*

American skateboarder Jason Vanporppal has all but dominated South African social media in recent weeks. Along the way, he embraced South African culture, even experiencing his very first braai. While it may have been his first South African braai - what people don't know is that Jason actually concluded his stay in South Africa in Gansbaai on Saturday, 30 May 2026 - with a shark-viewing excursion!

His visit to Gansbaai centred around a shark-viewing excursion aboard Marine Dynamics' vessel, *Slashfin*, with skipper Wiehann Myburgh at the helm. Jason told the *Gans-Berg News* that the experience was unforgettable and that he thoroughly enjoyed every moment of it - without getting seasick! It must certainly have been an interesting experience for Jason to swap his skateboard on the road for a much larger "skateboard" out at sea!

Jason arrived in Cape Town on Monday, 25 May, which also coincided with Africa Day, marking the completion of his epic journey across the continent. He skateboarded more than 6,000 kilometres from Uganda to South Africa, relying solely on his skateboard and using no powered vehicles. He turned his passion into a force for good by raising funds and awareness to build what will become Uganda's largest skatepark, creating a lasting space where young people can dream, learn and grow. His remarkable four-month journey came to an end at the City Bowl Skatepark in Cape Town.

The skateboarder embarked on an ambitious mission to travel from Kampala, Uganda, to Cape Town, South Africa, while raising funds to build a skatepark in Uganda. His route began in Kampala in February and took him through Rwanda, Tanzania, Zambia, Zimbabwe, Botswana and finally South Africa, where Cape Town served as his final destination.

Jason explained that the inspiration behind the cross-continent skateboarding journey came from friendships he formed with Ugandan skaters Isaac and Ephraim. "I was inspired to do this project because the guys that I originally started pushing with, Isaac and Ephraim, are from Uganda and shared a lot about the country with me," he said. He explained that many young skaters in Uganda are forced to practise on dirt roads and in public spaces, where they are often chased away because of the noise. "These kids are skating on dirt. Sometimes they get kicked out by locals because they're too loud," he said. "So we decided to build a really big skatepark - not just for those kids, but for all of Africa."

**Hardus Botha**






**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:082 786 0494 - info2@gansberg.co.za







# Boekenhoutskloof skitter by Gansbaai Wynproegilde

"Vanaand het ons vir die eerste keer 'n egpaar wat die wynproe vir ons gaan aanbied," het Japie Spies, voorsitter van Gansbaai Wynproegilde, gesê. "Ons is beslis in goeie hande met Ruan en Clarissa van Schalkwyk wat uiters bekwaam en ervare in die wynbedryf is." Dit was Gansbaai Wynproegilde se vierde van nege wynproegeleenthede vir die jaar op Dinsdag, 19 Mei 2026. Altesaam 62 gaste het gesellig in die Great White House saamgekuier en Boekenhoutskloof se uitstaande wyne geproe. Japie het die egpaar aan die gaste voorgestel - Ruan van Schalkwyk, wynmaker, en Clarissa van Schalkwyk, bemarker. Met die tong in die kies is opgemerk dat die man dié keer die meeste kon praat én die laaste sê gehad het!

Die verwelkomingswyn was *South Island Marlborough Sauvignon Blanc* 2025, wat ook as Witwyn van die Aand aangewys is. Ander wyne wat geproe is, was *Porcupine Ridge Sauvignon Blanc* 2025, *The Wolftrap White* 2025, *Goldmine* 2024, *The Wolftrap Red* 2024, *The Chocolate Block* 2024, *Boekenhoutskloof Syrah* 2023, *Porcupine Ridge Cabernet Sauvignon* 2025, *Helderberg Winery Reserve* 2023 en *Boekenhoutskloof Stellenbosch Cabernet Sauvignon* 2023. *Boekenhoutskloof Syrah* 2023 is as Rooiwyn van die Aand én Wyn van die Aand bekroon.

Die Great White House se spyskaart, saam met die bykomstighede, het weereens nie teleurgestel nie. Die voorgereg was *Duck Crepe*, die hoofgereg *Pork Neck Forestier* en die nagereg *Orange & Dark Chocolate Chiffon Tart*. Marmara de Klerk, een van die Gilde se bestuurslede, sorg met elke byeenkoms vir 'n besonderse self-ontwerpte spyskaart - kleurvol en kunstig versier - en dit is altyd 'n plesier om só 'n spyskaart langs jou bord te kry. Dankie, Marmara!


*Deon Oosthuizen, Ruan van Schalkwyk, Marmara de Klerk en Clarissa van Schalkwyk.*




*Die Great White House se gedugte span.*

Ruan is sedert Augustus 2025 Boekenhoutskloof se wynmaker. Hy beskik oor 'n B.Sc.-graad in Geologie, asook 'n BAgri-graad in Landbou met spesialisering in Keldertegnologie van Elsenburg. Hy is 'n passievolle wynmaker met uitgebreide ervaring in die maak van wit- en rooiwyne, uitstekende tegniese kundigheid, 'n oog vir detail en 'n passie vir gehaltewyn. Clarissa is sedert 2022 die bemarkingskoördineerder by Boekenhoutskloof, maar het reeds as student ervaring by verskeie proeflokale opgedoen. Sy het Toerismebestuur aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie studeer en het ook WSET Vlak 2- en 3-kursusse voltooi – 'n internasionale kwalifikasie in die wyn- en spiritualieëbedryf. Daarby het sy ook 'n Garagiste-kursus voltooi, wat fokus op amateur- en passievolle kleinskaalse wynmaak.

Boekenhoutskloof is geleë in die mees suidelike hoek van die Franschhoekvallei, en is een van die oudste plase in die gebied, met 'n geskiedenis wat terugdateer na 1776. Sedert 1994 staan die wynkelder onder leiding van Marc Kent, wat in 2007 as Suid-Afrikaanse Wynmaker van die Jaar aangewys is. In 2015 het Gottfried Mocke as hoofwynmaker by Boekenhoutskloof aangesluit - die twee vorm vandag 'n formidabele span.

Deon Oosthuizen, donateur van die Gansbaai Wynproegilde se voorskote, het saam met Marmara de Klerk die gebruiklike oorhandiging van die voorskote aan Ruan en Clarissa behartig. Daarna is daar nog gesellig saamgekuier en verdere wyne geproe.

**Hardus Botha**









# SPRINGBOKS
## 2026 FIXTURES

4 JULY - SPRINGBOKS VS ENGLAND
11 JULY - SPRINGBOKS VS SCOTLAND
18 JULY - SPRINGBOKS VS WALES
22 AUGUST - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS
29 AUGUST - SPRINGBOKS VS ALL BLACKS
5 SEPTEMBER - SPRINGBOKS VS ALL BLACK

# Overstrand Waste Management does it again

The verdict is in, and the bragging rights belong to Overstrand. For the second year running, the Municipality's continued excellence in waste management was recognised at a ceremony held at the City of Cape Town Council Chambers on 22 May 2026. Accepting the top spot as the cleanest local municipality in the province were the Director of Infrastructure Services, Stephen Müller, and the Senior Engineer for Waste Management, Craig Mitchell, on behalf of the Municipal Manager.




*Gerhard Gerber (Head of Department for Environmental Affairs and Development Planning), Ms. Mamogala Musekene (Deputy Director-General for Chemicals and Waste Management (DFFE), Craig Mitchell (Senior Engineer for Waste Management), Stephen Müller (Director of Infrastructure Services) and Anton Bredell (Western Cape MEC for Local Government, Environmental Affairs and Development Planning).*




Executive Mayor, Alderman Archie Klaas, noted that a massive amount of hard work happens behind the scenes and congratulated Craig Mitchell and the solid waste teams in Hangklip-Kleinmond, Greater Hermanus, Stanford and Greater Gansbaai. He stated that this back-to-back victory cements the Overstrand Municipality's reputation as a leader in sustainable waste management. “We're thrilled that the teams are getting the recognition they deserve,” he added.

**Overstrand Municipal Manager, Dr Dean O'Neill**

# NOTICE

**Notice of intention to hold a Coastal Waters Discharge Permit and Atmospheric Emission Licence Advisory Forum Meeting**

Gansbaai Marine (Pty) Ltd hereby gives notice of intention to hold a PAF (Permit Advisory Forum) Meeting on Friday 12 June 2026 from 10H00-11H00. This is in compliance with item 10.4 of the Coastal Waters Discharge Permit (CWDP) issued on 28th November 2024, in terms of Section 69(1) of the National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008 (Act No. 24 of 2008) read with Regulation 8(2) of the Coastal Waters Discharge Permit Regulations, 2019 Published in Government Notice 382 in Government Gazette 42304 of 15th March 2019-Permit Reference Number: 2012/032/WC/GANSBAAI MARINE, and in the absence of the Quarterly Overberg Air Quality Forum having been established, make use of this forum in terms of the Atmospheric Emission Licence as contemplated in Section 43 of the National Environmental Management: Air Quality Act, 2004, (Act No.39 of 2004) - Atmospheric Emission Licence Number: WC/ODM/005.

The meeting can be attended by any interested and affected parties, and will be held on site at GansbaaiMarine (Pty) Ltd, in the Administration Building, or alternatively online via the following Microsoft Teamslink:Microsoft Teams Need help? Join the meeting now Meeting ID: 396 075 324 001 Passcode: sv6VV9KcPlease RSVP to sgbrown6410@mweb.co.za by 4th March 2025 @ 12H00, for the necessary arrangementsto be finalised.

**Microsoft Teams** Need help?
Join the meeting now
**Meeting ID: 396 075 324 001**
**Passcode: sv6VV9Kc**

**Please RSVP to sgbrown6410@mweb.co.za by 8th June 2026 @ 12H00, for the necessary arrangements to be finalised.**



# Human Tragedy unfolds after Protest March

The protest march on Monday, 1 June 2026, was merely the beginning of what later developed into a human tragedy. A memorandum regarding illegal immigrants in Masakhane was handed to the Gansbaai Station Commander, requesting that attention be given to the matter. The march itself, however, was simply the proverbial last straw. The consequences for people who were forced from their homes were - and continue to be - deeply traumatic. Immigrants who were removed from their homes made their way to the Gansbaai Tourism Hall, as well as two other facilities, in search of safety and shelter. Many feared possible attacks. Reports indicate that some of their homes were looted and personal belongings stolen.

In Kleinmond, approximately 93 people were accommodated in the town hall and cared for by the community. In Gansbaai, nearly 500 people arrived seeking shelter. Later, about half of those housed at the tourism hall were transported to the Stanford Community Hall, where more sanitation facilities were available.

Dr Annelie Rabe worked tirelessly to co-ordinate relief efforts and was busy



*Dr. Annelie Rabe and Councillor Msa Nomatiti.*



making arrangements until late on Monday evening. She also kept the community informed of developments throughout the day. “Late in the afternoon there was still unrest in the Masakhane area,” she said. “My greatest concern, however, is messages regarding the alleged rape of women. If anyone receives such information, please obtain the details so that we can follow it up.”

Francia van Dyk was appointed as food co-ordinator. “I would like to emphasise that only Francia should be contacted regarding food donations,” Annelie said. “This will help prevent the duplication of donations.” She added that food would be required on an ongoing basis, as there is no indication of how long the situation is likely to continue. In addition to food, a variety of other essential items are needed, including baby nappies, sanitary products, underwear and basic toiletries.

“I would like to thank all the role-players - too many to mention by name at this stage - for their contribution towards helping to manage this situation. For me, it is a heartbreaking situation,” Annelie said.
(*Photos provided*)

**Francia van Dyk is the only food co-ordinator to be contacted regarding food donations - her contact number is 082 551 3613.**

**Hardus Botha**







# LSG se Tennisster behaal beste uitslag nóg



***Daniël de Villiers (links).***

Daniël de Villiers, Laerskool Gansbaai (LSG) se onstuitbare tennisspeler, het pas sy beste uitslag tot dusver behaal deur vierde by die TSA Winelands Mini-toernooi in Strand te eindig - welgedaan, Daniël! Die kompetisie waarin hy homself moes bewys, was baie sterk, met verskeie Top 20-spelers in Suid-Afrika wat deelgeneem het.

“Daniël het deurgaans uitstekende tennis gespeel en hierdie prestasie is 'n bewys van sy harde werk, toewyding en voortdurende ontwikkeling as speler,” het LSG se mediaspan laat weet. “Om in so 'n mededingende veld 'n plek onder die voorste spelers te verseker, is 'n besonderse prestasie waarop Daniël baie trots kan wees. Baie geluk, Daniël! Ons sien uit na nog groot prestasies in die toekoms.”



**Hardus Botha**



# Ekologie-Sondag plaas kollig op mariene bewaring

Mariene bewaring is op Ekologie-Sondag, 31 Mei 2026 tydens die erediens in die NG Kerk, asook die gesinsdiens in die Pretoriussaal, beklemtoon om bewustheid van hierdie belangrike saak wêreldwyd, maar veral ook in ons eie omgewing, te verhoog. Die twee gasprekers was Janine Taylor (Pretoriussaal) en Cari Roets (kerkgebou) van Marine Dynamics. Albei het insiggewende en leersame PowerPoint-aanbiedings gelewer - ware '*eye-openers*' vir die toehoorders.



*Cari Roets.*


*Janine Taylor.*

In die Pretoriussaal het ds Willie Kotze en Janine op die kinders gefokus om die belangrikheid van mariene bewaring te beklemtoon. Willie het Psalm 104 as boodskap gebruik en ook na die Skeppingsverhaal verwys. Tot groot verbasing van die kinders het hy leë skyfiesakkies, 'n melkboks en 'n plastiekbottel op die vloer rondgegooi. "Is dit hoe julle in julle huise hiermee werk?" het hy gevra. Doodse stilte het geheers. "Nee, julle sal dit nie doen nie, want dit is julle huise. Maar God het die aarde as 'n tweede huis vir julle geskep, wat julle ook nie met weggooiplastiek en ander rommel moet bemors nie."


*Die VGK-koor.*

Janine het daarby aangesluit en onder andere die volgende temas aan die kinders uitgelig, ondersteun deur foto's op PowerPoint: die wonder van die see; Marine Dynamics se rol in bewaring; die realiteit van menslike impak op die mariene omgewing; herwinning en praktiese aksies; strandskoonmaakprojekte; die African Penguin and Seabird Sanctuary. Meer as genoeg inligting is oorgedra om die gevare van besoedeling uit te wys. Tydens die erediens in die kerkgebou het Cari op 'n meer volwasse vlak die gevolge van besoedeling toegelig, ondersteun deur relevante foto-illustrasies op PowerPoint. In die kerkgebou het Anita Botha 'n volledige uitstalling oor die onderwerp aangebied, kompleet met Afrika-pikkewynhuisies en gepaste voorbeelde. In die Pretoriussaal het Alanda Brown van die kerkkantoor ook Afrika-pikkewynhuisies en ander items ten toon gestel. Albei gasprekers het die klem gelê op die ernstige gevaar van uitwissing wat die Afrika-pikkewyn in die gesig staar - met dank en waardering teenoor Marine Dynamics vir die goedgunstiglike verskaffing van relevante items.

Die spesiale geleentheid is deur Bediening Missionaal, onder leiding van ds Floors Avenant, gereël, terwyl Bediening Gasvryheid se dames smaaklike verversings in die sysaal aangebied het. Dit was terselfdertyd die gesamentlike erediens van die VGK- en NG-gemeentes, met die VGK-koor wat in die kerkgebou opgetree het. Dit was ook Drie-eenheidsondag binne die Christelike kerk - die eerste Sondag ná Pinkster - met die fokus op die Drie-eenheid: God die Vader, Jesus Christus die Seun en die Heilige Gees; drie Persone, maar een God.

Ekologiedag (*World Environment Day*) word jaarliks op 5 Junie gevier om mense wêreldwyd bewus te maak van die belangrikheid van die beskerming van ons natuurlike omgewing. Die dag word deur meer as 150 lande ondersteun. 'n Interessante feit is dat een volwasse boom in 'n jaar genoeg suurstof kan produseer om twee mense van suurstof te voorsien, terwyl dit terselfdertyd koolstofdioksied uit die atmosfeer absorbeer.

Ter aansluiting by Janine en Cari se pleidooie om mariene-bewaring, word lesers se aandag op Wêreldoseaandag (*World Ocean Day*) op 8 Junie 2026 gevestig. Gemeenskapslede met 'n passie vir mariene-bewaring, word uitgenooi om op Saterdag, 6 Junie 2026 van 10:00 tot 12:00 aan 'n skoonmaakaksie by Standford's Cove en Perlemoenbaai deel te neem - presies dít waarvoor Janine en Cari tydens hul onderskeie aanbiedings 'n pleidooi gelewer het. Kom sit die daad by die woord en raak betrokke by hierdie belangrike skoonmaakprojek.

**Hardus Botha**



# Versierings is nie gratis aandenkings nie




Ai tog, die liewe mensdom tog - "Wie sal dit nou mis as ek hierdie oulike ou dingetjie van die tafel by 'n funksie verwyder, of as ek hierdie protea of ander item uit die uitstalling neem? Dis darem seker nie te erg nie?"

Dit gebeur só gereeld dat mense aanvaar hulle kan blomme, kunsblomme of versierings op tafels tydens funksies of troues sommer vir hulself toeëien en huis toe neem - as 'n aandenking. Die ironie is dat dit vir die oomblik alte pragtig lyk, net om later waarskynlik in 'n asblik te beland.

Dink 'n bietjie só daaroor: die item of blom (veral pragtige proteas), of wat ookal, wat "onskuldig" tydens 'n funksie of troue geneem word, is óf gekoop óf met nagte se werk self gemaak. Dit kan boonop weer vir 'n volgende funksie gebruik word, al is dit met enkele aanpassings. Kan 'n mens dit werklik as die "onskuldige neem van aandenkingtjies" beskryf, of is dit eintlik blatante diefstal?

Kan die kunstigheid van uitstallings, tafelversierings en rangskikkings nie maar net bewonder en onaangeraak gelaat word nie? "Neem" dan eerder met die oë - gebruik die idees en pas dit tuis toe deur self soortgelyke kunstighede te skep - die bevrediging sal veel groter wees.

"Nemers van aandenkingtjies", onthou wanneer jy weer 'n funksie van watter aard ook al bywoon: dit wat as versierings bedoel is, is óf deur iemand gekoop óf, in die geval van versierings vir elke tafel, met nagte se harde werk gemaak. Respekteer die moeite, bewonder die kunstigheid en skoonheid daarvan en laat dit waar dit hoort.

**Hardus Botha**

# Spiere en sportmangees by Bosfit Classic 2026

Saterdag, 30 Mei 2026, was weer 'n dag van 'spiere-wys', maar hierdie manne en vroue mag maar. Dit was vanjaar se eerste Bosfit Classic 2026, en die kompetisie is by die Panorama-venue aangebied. Die geleentheid is baie goed ondersteun en 'n gesellige atmosfeer het geheers.

"Vir my was dit 'n eerste belewenis om so iets te kon aanskou," het een van die toeskouers gesê. "Ek het dit baie geniet en het nog nooit soveel spiere bymekaar gesien nie!"

**Hardus Botha**











**OVERSTRAND MUNICIPALITY**

**BUDGET & TARIFFS FOR THE 2026/2027 FINANCIAL YEAR**

Notice is hereby given that on 29 May 2026 the Council approved rates, levies, tariffs and fees payable during the 2026/2027 financial year in terms of Section 229 of the Constitution of the RSA, 1996 (Act 108 of 1996) and Section 74 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000), as amended.

The said resolution was adopted with the approval of the Budget for the 2026/2027 financial year in accordance with Section 24 of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003). The general purpose of the resolution is to provide for revenue, expenditure, capital appropriations and rates, levies, tariffs and fees payable with effect from 1 July 2026. Full particulars of the budget and tariffs are available for perusal during office hours at the offices of the Public Liaison Managers in Gansbaai/Stanford, Hermanus and Kleinmond, in all Overstrand public libraries, the Corporate Head Office in Hermanus and on our website (www.overstrand.gov.za).

**OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT**

**BEGROTING EN TARIEWE VIR DIE 2026/2027 FINANSIËLE JAAR**

Kennis geskied hiermee dat die Raad op 29 Mei 2026 die belastings, heffings, tariewe en fooie betaalbaar gedurende die 2026/2027 finansiële jaar kragtens Artikel 229 van die Grondwet van die RSA, 1996 (Wet 108 van 1996) en Artikel 74 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), soos gewysig, goedgekeur het.

Voorgenoemde besluit is geneem met die goedkeuring van die Begroting vir die 2026/2027 finansiële jaar, ingevolge Artikel 24 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). Die algemene strekking van die besluit is om voorsiening te maak vir die inkomste, uitgawes, kapitaalbewilligings en belastings, heffings, tariewe en fooie wat vanaf 1 Julie 2026 betaalbaar sal wees. Volledige besonderhede van die begroting en tariewe is ter insigting by die kantore van die Openbare Skakelbestuurders in Gansbaai/Stanford, Hermanus en Kleinmond, in alle openbare biblioteke in die Overstrand, die Korporatiewe Hoofkantoor in Hermanus en op ons webwerf (www.overstrand.gov.za).

**UMASIPALA WASE-OVERSTRAND**

**UHLAHLOLWABIWO-MALI & AMAXABISO ONYAKAMALI 2026/2027**

Apha kwaziswa ukuba ngomhla wama-29 Meyi 2026 iBhunga lamkele iirhafu, iintlawulo namaxabiso zonyakamali wama-2026/2027 ngokweCandelo lama-229 loMgaqosiseko woMzantsi Afrika 1996 (uMthetho 108 we-1996) neCandelo lama-74 loMthetho wooMasipala: uMthetho weeNkqubo zikaMasipala, 2000 (uMthetho 32 wowama-2000) njengoko ulungisiwe.

Esi sigqibo samkelwe, xabekuvunywa uHlahlolwabiwo-mali lonyaka-mali wama-2026/2027, ngokweCandelo lama-24 loMthetho kaRhulumente wooMasipala: uMthetho woLawulo lweemali zikaMasipala, 2003 (uMthetho 56 wowama-2003). Injongo yesi sigqibo kukubonelela ngengeniso, inkcitho, ulwabiwo-mali neerhafu, iintlawulo namaxabiso amele kuhlawulwa ukususela ngomhla wo-1 Julayi 2026. Iinkcukacha ezipheleleyo zoHlahlo lwabiwo-mali kunye neerhafu ziyafumaneka ukuze zifundwe ngamaxesha omsebenzi kwii-ofisi zaBaphathi boNxibelelwano noLuntu eGansbaai/Stanford, Hermanus naseKleinmond, nakuwo onke amathala eeNcwadi oluntu aseOverstrand, kuNdlunkulu weNkampani eHermanus nakwi webhusayithi yethu (www.overstrand.gov.za).

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 105/2026

156810

# Manne-ontbyt by Die Lighuis

Nuwe tye, nuwe gestaltegewing en nuwe leierskap bring vooruitgang. Die Lighuis is die nuwe naam van wat voorheen as Gansbaai AGS bekend gestaan het. “So was daar, ná sowat 20 jaar, weer 'n manne-ontbyt wat op Saterdag, 30 Mei 2026, in die Lofsentrum se sysaal aangebied is,” vertel ds Floors Avenant, wat met dankbaarheid getuig oor sy bywoning van die manne-ontbyt.



**_Sammy Brett, Mighty Lions, Warren Elliot en Floors Avenant._**

'n Dinamiese mannebediening is reeds geruime tyd by Die Lighuis aktief onder die naam “The Mighty Lions” aan die gang. Floors sê die geleentheid is gereël met die bedoeling om iets besonders vir die manne van Groter Gansbaai aan te bied. “Daar is gesellig en informeel saam verkeer met die manne wat die verwelkoming en bediening behartig het,” sê Floors. “'n Mooi klompie manne uit die gemeenskap het vir die geleentheid opgedaag.”

Die gasspreker vir die geleentheid was Warren Elliot van “Heaven's Gate Ministries” in Kaapstad. Hulle beskryf die hart van hul bediening soos volg: “*To nurture and equip the next generation, raising up young lives to become passionate, purpose-driven leaders in God's Kingdom*.” Floors sê dat dit vir diegene wat gedurende die 1970's by “Straatwerk” in die middestad van Kaapstad betrokke was, opnuut 'n besondere ervaring was om na Warren te luister. Ná spontane sang met sy eie kitaarbegeleiding, het hy sy lewensverhaal begin vertel.




**_Warren Elliot aan die woord._**



**_Deelnemers aan die manne-ontbyt._**

“Ek was aan die moeilikste omstandighede van armoede, misbruik en geweld uitgelewer,” het Warren vertel. “Dit het my tot 'n oorlewingsmens gevorm wat deur niks en niemand gestuit is nie, totdat God in my lewe ingegryp het.” Hierdie onhanteerbare omstandighede het hom daarop gewys dat God se genade inderdaad begin waar 'n mens nie verder weet of kan nie. “My lewe is omvorm tot dié van iemand wat nou sy verhaal plaaslik én in die buiteland kan deel,” het Warren gesê. “Ek en my eggenote woon nou in 'n huis waar ons nie net na ons eie kind omsien nie, maar ook na die agt ander kinders wat ons ingeneem het om soos ons eie te versorg.”

Floors sê wat hom veral getref het, was hoe Warren die skade wat deur blootstelling aan verwerping en traumatiese ervarings aan sy kindergemoed aangerig is, deur positiewe besluitneming en oopstelling vir die Gees van God kon oorkom. Só is 'n stukkende, reaktiewe selfbeeld omskep in een van vrymoedigheid en diensbaarheid. “Dit het my laat dink aan hoeveel mense daar buite in ons samelewing met stukkende gemoedere rondloop en wie se omstandighede met dié van Warren vergelyk kan word,” het Floors gesê. “Hy het inderdaad 'n kosbare boodskap aan sulke mense oorgedra en kan vandag self as rolmodel sê: 'Ek weet, ek was daar, en as God my van binne kon verander, kán Hy dit ook vir jou doen.'”

Floors sê hy het aan die groot Hervormer, Martin Luther, gedink wat gesê het: “Die grootste gawe van God aan die mens is sy vryheid.” Bande wat losgemaak word sodat 'n mens sy Godgegewe potensiaal kan ontwikkel - Warren is 'n lewende getuie daarvan. Hy het ook 'n boek hieroor gepubliseer, *Virtual Reality - The Weapons of Mass Destruction*.

Floors bedank graag die organiseerders vir 'n heerlike, uitgebreide en leersame manne-ontbyt, gekenmerk deur gasvryheid en betekenisvolle blootstelling aan die manne van Gansbaai. “Ek moet bely dat ek maar min van hulle geken het, en ja, die mannekoor van Blompark was soos goeie salf,” het Floors waarderend afgesluit.

*(Inligting en foto's verskaf deur Floors Avenant)*

**Hardus Botha**


**OVERSTRAND MUNICIPALITY**

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that the following documents were approved by Council on 29 May 2026:

- Final Integrated Development Plan (IDP) Review and amendment for 2026/27 in terms of section 34 of the Municipal Systems Act No 32 of 2000
- Final Water Services Development Plan for 2026/27 (WSDP)
- Final Disaster Management Plan (DMP) for 2026/27 as a sectoral plan to the IDP in terms of section 26 (g) of the Municipal Systems Act, 2000 (Act no 32 of 2000).

These documents are available on our website (www.overstrand.gov.za) as well as at the Municipal Offices of the Managers Community Liaison in Gansbaai/Stanford, Hermanus and Kleinmond and in Municipal Libraries within the Overstrand area.

**OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat die volgende dokumente op 29 Mei 2026 deur die Raad goedgekeur is:

- Finale hersiene Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en wysiging vir 2026/27 in terme van artikel 34 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);
- Finale Waterdienste Ontwikkelingsplan (WDOP) vir 2026/27
- Finale Rampbestuursplan (RBP) vir 2026/27 as 'n sektorale plan tot die GOP in terme van artikel 26 (g) van die Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet nr 32 van 2000).

Die dokumente is op ons webtuiste (www.overstrand.gov.za) asook by die onderskeie Munisipale Kantore van die Bestuurders Gemeenskapskeling in Gansbaai/Stanford, Hermanus en Kleinmond, asook by Openbare Biblioteke binne die Overstrand gebied beskikbaar.

**UMASIPALA WASE-OVERSTRAND**

**ISAZISO SIYANIKEZELWA** sokuba la maxwebhu alandelayo amkelwa liBhunga ngomhla wama-29 uCanzibe 2026

- Isicwangciso Sokugqibela soPhuhliso oLudibeneyo (IDP) esiqulunqwayo kunye noLungiso olucetywayo luka 2026/27 ngokwemigaqo yeCandelo lama-34 loMthetho weeNkqubo zooMasipala uNombolo 32 wowama-2000;
- UYilo lweSicwangciso soPhuhliso lweeNkonzo zaManzi sowama-2026/27
- UYilo lweSicwangciso soLawulo lweNtlekele (DMP) luka 2026/27 njengesicwangciso secandelo kwi-IDP ngokwecandelo lama-26 (g) loMthetho weeNkqubo zikaMasipala, ka-2000 (uMthetho ongunombolo 32 ka-2000).

La maxwebhu aza kufumaneka ngexesha leeyure zomsebenzi kwii-ofisi zabaphathi zoluntu zonxibelelwano eGansbaai, eStanford, eHermanus naseKleinmond, kuwo onke amathala eencwadi eOverstrand, kwaNdlunkulu eHermanus nakwi-webhusayithi kamasipala ku-www.overstrand.gov.za. Phantsi kwegama elithi: (Strategic documents).

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 116/2026

1508133

KLEINMOND SKRYNWERKERS
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

Gans-Berg
Website Link
GANSBERGNEWS
Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

CNC Sweis & Staal
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings
Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

LOOKING FOR JOB
HARDWORKING - RELIABLE - TRUSTWORTHY
I am a dedicated and experienced individual seeking employment opportunities.
EXPERIENCE
- Housekeeping / House worker
- Hotel & Game Reserve experience
- Waitress
- Take care of kids
- Hardworking, honest and willing to learn
- Available immediately
CONTACT ME: RELIEF ROWODZANAI
060 102 3752 & 074 381 9678

VIBRACRETE MURE
Gansbaai Precast
* Vervangings en Verhogings
10 Jaar waarborg op materiaal
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@ anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

Te Koop
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**





Wall Seal
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External
Call Mike on 063 708 4283

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za

Advertise with GANS-BERG NEWS
Your Community. Your News.
REACH MORE. GROW YOUR BUSINESS.
REACH LOYAL LOCAL READERS
Get your message in front of an engaged community.
PROMOTE YOUR PRODUCTS & SERVICES
Increase awareness and drive customer interest.
BUILD YOUR BRAND IN THE COMMUNITY
Be seen. Be remembered. Be a part of what matters.
Your trusted local newspaper in **Gansbaai** and the **Overberg**
*Connecting businesses with the people who matter most.*





Support Local. SHOP LOCAL. ADVERTISE LOCAL.
Contact Michelle 078 010 8286
EMAIL michelle@gansberg.co.za
Book your space today!


# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I | P | W | E | L | T | S | U | H | E | H | T | H | J | C | D | T |
| R | L | E | A | I | G | N | I | K | A | E | R | B | O | S | P | E |
| O | O | M | L | T | G | P | A | V | R | E | E | T | R | E | E | Q |
| B | C | B | L | E | U | O | M | B | L | E | T | C | C | Q | L | A |
| O | K | F | V | U | C | S | O | L | M | E | J | N | K | I | Y | N |
| T | I | O | P | M | X | T | I | W | N | U | A | E | N | J | T | E |
| H | N | O | O | N | O | R | R | E | E | D | Z | D | H | S | S | R |
| E | G | T | H | U | H | O | Y | I | N | I | Y | S | P | T | N | A |
| T | B | L | P | T | U | E | N | E | C | H | G | U | B | V | O | C |
| W | Q | O | I | A | D | S | K | W | O | S | P | O | O | W | E | A |
| I | A | O | H | J | C | C | T | P | A | M | L | G | O | L | N | M |
| S | J | S | O | T | I | M | Q | U | U | L | U | I | E | B | A | E |
| T | H | E | Z | H | S | A | Y | J | M | E | K | F | D | F | I | X |
| J | Z | Y | C | D | O | T | H | E | D | O | U | G | I | E | T | I |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 9 | | 6 | | | |
| 9 | | | 1 | | 5 | 2 | | 8 |
| | | | | | | | 5 | |
| | 7 | | | 6 | | 4 | | |
| 2 | 4 | | 8 | | | | | |
| | | | | | 1 | 7 | | 6 |
| 5 | | | | | | 6 | 7 | |
| | 1 | | 3 | 8 | | | | |
| | | | | | | | | |

BOOGIE WOOGIE
BREAKING
CHICKEN DANCE
COTTEN EYED JOE
DO THE DOUGIE
ELECTRIC SLIDE
FOOTLOOSE
HIP HOP
JUMP UP
LINDY HOP
LOCKING
MACARENA
MOONWALK
NEON STYLE
ROBOT
THE HUSTLE
THE JERK
THE TWIST
THRILLER
VOGUE
WATUSI
YMCA
ZUMBA

## Colour me in....



## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 6 | 4 | 5 | 8 | 9 | 2 | 3 | 1 |
| 5 | 8 | 2 | 4 | 1 | 3 | 6 | 7 | 9 |
| 9 | 3 | 1 | 2 | 6 | 7 | 4 | 8 | 5 |
| 8 | 1 | 9 | 6 | 2 | 5 | 3 | 4 | 7 |
| 6 | 7 | 5 | 1 | 3 | 4 | 8 | 9 | 2 |
| 2 | 4 | 3 | 7 | 9 | 8 | 5 | 1 | 6 |
| 1 | 2 | 7 | 8 | 4 | 6 | 9 | 5 | 3 |
| 3 | 5 | 8 | 9 | 7 | 2 | 1 | 6 | 4 |
| 4 | 9 | 6 | 3 | 5 | 1 | 7 | 2 | 8 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | B | Q | R | Z | N | I | D | D | O | G | S | R | H | X | N | F |
| K | K | E | H | F | Y | M | Q | B | W | I | A | V | V | M | H | L |
| Z | E | R | O | C | S | H | R | M | H | N | U | J | A | T | S | U |
| G | W | R | Q | F | C | O | E | A | E | T | A | R | G | A | T | T |
| M | R | M | R | N | I | E | C | K | P | M | I | P | D | E | E | E |
| Z | I | I | A | L | S | Z | W | H | A | N | T | K | D | B | E | M |
| X | E | L | L | N | W | I | G | Q | A | L | P | E | O | E | P | A |
| J | B | P | K | L | Q | L | V | T | G | P | F | N | L | L | R | E |
| L | V | A | U | E | B | E | E | S | Y | A | N | L | E | L | E | R |
| S | T | R | A | I | N | M | E | B | U | C | S | E | U | T | I | C |
| W | Q | E | I | Y | A | A | W | P | D | H | P | T | U | N | Y | F |
| C | I | M | J | H | X | R | Z | H | O | S | D | A | E | Z | M | D |
| B | A | S | T | E | U | A | A | V | I | H | S | V | O | A | A | M |
| B | N | B | A | U | N | C | B | W | S | P | C | D | L | R | M | O |

# Laaste ligawedstryde vir kwartaal 2

Laerskool Gansbaai (LSG) se rugby- en netbal-Gansies het op 21 Mei 2026 hul vyfde rondte ligawedstryde teen Mount Pleasant Primêre Skool gespeel, wat as 'n lekker en opwindende dag van sport beskryf is, ongeag omstandighede wat nie altyd gunstig was nie. Daardie wedstryde moes eintlik die laaste vir die kwartaal gewees het. Rondte 4 se wedstryde teen Laerskool Okkie Smuts, wat op 14 Mei 2026 moes plaasvind, was as gevolg van gure weersomstandighede na 26 Mei 2026 uitgestel.





Ook teen Laerskool Okkie Smuts het die Gansies uitstekend gevaar en die meeste van die wedstryde gewen. "Nog belangriker was die goeie gees waarin die dag plaasgevind het," skryf LSG se Mediaspan. "Die spelers het dit baie geniet en dit was besonders om te sien hoe die Gansies saamstaan, mekaar aanmoedig en deurentyd ondersteun." Elke afrigter, personeellid, skeidsregter, ouer en getroue ondersteuner word van harte bedank vir al die aanmoediging en ondersteuning gedurende die eerste kwartaal.

Dit was LSG se laaste ligawedstryd vir kwartaal 2 en hulle glo dat kwartaal 3 sommer nóg beter sal verloop. "Sterkte ook aan al die Gansies met die assesserings en eksamens wat voorlê - ons weet julle sal ook daar julle beste gee en almal trots maak," sê LSG se Mediaspan. Hulle sluit af met 'n kosbare opmerking: "Die kwartaal mag dalk eindig, maar die herinneringe, vriendskappe en spanbou van ons sport bly nog lank by ons!"

**Hardus Botha**











# Canoeing Team at Grootbos

**The canoeing team at Grootbos Foundation enjoyed a successful paddling-day on the water at the Western Province Championships held at Zandvlei in Cape Town. Lukhanyo won gold in the U/12 K2 event, while Bubuntu and Khanyo secured bronze in the U/14 K2. Sakhe and Yonwaba achieved gold in the U/16 K2 and bronze in the U/18 K2. Neriyah also earned a bronze medal in the U/23 K2. The team has developed impressive depth as its members have continued to improve their skills and stamina. These excellent results are a testament to their dedication, hard work, and commitment to the sport.**

**Hardus Botha**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act 47 of 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer Number T11996/2023** passed by **DAVID ARNOLDS Identity Number: 650621 5033 08 5** and **JUDITH LIZE ARNOLDS Identity Number: 690713 0290 08 3**, **Married in community of property to each other**, in favour of **YVETTE RODIGHIERO Identity Number: 700719 0045 08 6**, **Married out of community of property,** in respect of **ERF 2665 GANSBAAI, IN THE OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON DIVISION, WESTERN CAPE PROVINCE**, which has been lost or destroyed.

All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to contact Amanda Meko on 021 461 7741/7682 at the Registrar of Deeds: Western Cape at Cape Town at Floor 4, Info Desk, 2 Riebeek Street, Foreshore, Cape Town, within two weeks from the date of the publication of this notice.

**DATED AT RUSTENBURG this 26th DAY OF MAY 2026.**
LYDIA KLOPPERS ATTORNEY,
Address: 12 Simons Way, de Wijnlanden Estate, Stellenbosch, 7600
Email: danielle@lkatt.co.za
Contact Number: 014 592 1386






# Andrew Leigh Rooi Stompneus

Andrew Leigh het hierdie pragtige rooi stompneus van 2.5kg op 24 Mei 2026 by Quoin Point gevang. Hy is 'n lid van die Birkenhead Boothengelklub - jammer dit was nie vir een van die klub se kompetisies nie, Andrew, jy sou beslis 'n prys gewen het!

Hardus Botha

# Laerskool Gansbaai



# Junior Sang-Gansies

Laerskool Gansbaai se Junior Gansie Sanggroepie het mamma- en ouma-harte op Moedersdag warm gesing en dit was 'n hartsgeskenk aan almal. Dit was die groepie se heel eerste 'openbare' optrede tydens die NG-gemeente se Gesinsdiens in die Pretoriussaal - en hulle was skitter-sterre! Uit volle bors: "Mamma wat vol liefde is, wat my versorg en leer! Mamma wat my ALTYD help, 'n GROTE dankie, Heer!"

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 03/6/2026 | Thursday 04/6/2026 | Friday 05/6/2026 | Saturday 06/6/2026 | Sunday 07/6/2026 | Monday 08/6/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 15° | 16° | 15° | 16° | 16° | 16° |
| Strong Breeze 12 m/s from south-east 0.9 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from west 0.5 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from west 0 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from north-west 13 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 5 June | 0549 | 1826 | 1157 | 0036 |
| 6 June | 0635 | 1913 | 1242 | 0133 |
| 7 June | 0731 | 2008 | 1336 | 0200 |
| 8 June | 0838 | 2112 | 0241 | 1442 |
| 9 June | 0953 | 2220 | 0352 | 1554 |
| 10 June | 1105 | 2324 | 0459 | 1703 |
| 11 June | 1209 | 0023 | 0559 | 1806 |
| 12 June | 1305 | 0118 | 0653 | 1903 |


**Tax Compliance & Administration Services**

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee&Co

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za




Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

# Gansbaai Gholfklub

**Nico Jones skop stof op**
Nico Jones het beslis op Woensdag, 27 Mei 2026 stof opgeskop - hy wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie, teken 'n Spog Twee aan op putjie no 2 en wen ook die boerpotputjies op no's 5, 6 en 17 - baie geluk, Nico!


*E Venter en J Louw.*


*Jason Pretorius.*


*Nico Jones.*

**Woensdag, 27 Mei:**
Nico Jones wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 43 punte, gevolg deur Andrew Dalgleish 41, Deon Coetzee 36, Clive Bailey 35, Johan Coetzee 34, Leon Lombaard 32, Rene Myburgh 31, Jacques Louw 31, Marietjie de Villiers 30 en Peet Pretorius 29.
Nico Jones teken 'n Spog Twee aan op putjie no 2 en wen ook die boerpotputjies op no's 5, 6 en 17.

**Vrydag, 29 Mei:**
Jason Pretorius wen die 9-putjie Enkel Stableford met 22 punte, gevolg deur Koos Myburgh 20, Sakkie van der Merwe 20, Lionel Kemm 18, Daniel van der Mewe 18, John Smith 18, Jacques Louw 18, Pero Heyns 18, Willem Germishuys 17 en JP Laubscher 17.

**Saterdag, 30 Mei:**
Elmar Venter & Jacques Louw wen die 4BBB Stableford kompetisie met 41 punte, gevolg deur Tiaan Muller & Werner Muller 39, Bev Swart & Joe Cesare 39, Johan Coetzee & Rene Myburgh 38, Peet Pretorius & Leon Lombaard 35, Theuns van Schoor & Philip Taylor 35, Coetzee Neethling & Deon Coetzee 32, Clive Bailey & Marietjie de Villiers 29 en Gavin Fint & Neil Harrison 29.
Spog Twee's op no 11: Rene Myburgh en Tiaan Muller.

**Brodie Liga:**
Gansbaai verloor op Arabella met 2.5/3.5. Die span was: Pieter Loubser (Liga Kaptein), Daniel van der Merwe, Francois van der Merwe, Willem Germishus, Melvin Tobias en JP Laubscher.
Liga 1 speel Saterdag, 6 Junie 2026 teen Robertson en Liga 2 teen Hermanus op Gansbaai. Lede slaan 12 uur af, net ná die liga-spelers, en die kompetisie is 'n Houespel.

**Vrydag, 5 Junie:**
*Steak*aand en *Joker-trekking*. Kom en geniet die sosiale aand saam met ons.

**Verjaarsdae:**
Basil Hilifer (1ste), Neels de Klerk (5de) en Jacques Louw (11de).

**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**

# Seagulls bied geslaagde netbaltoernooi aan

Die Grand Netbal Tournament, wat op Saterdag, 30 Mei 2026 op Blompark se sportgronde aangebied is, het suksesvol verloop en is deur goeie sportmangees gekenmerk. “Ek is baie tevrede met die verloop van die dag en puik netbalspel is aanskou,” vertel Sylvia Jacobs, voorsitter van die Seagulls Netbalklub. Die klub het as gasheer opgetree.

Agt topspanne het aan die toernooi deelgeneem. Seagulls se A-span het in die eerste rondte teen die Strand A-span gewen, maar kon ongelukkig nie na die finale rondte deurdring nie. Daar het die Elim-span en die Strand-span sake uitgespook, met Strand wat as oorwinnaars uit die stryd getree het en die spesiale beker ontvang het.

Sylvia het Magrieta Adams, stigterslid van die Seagulls, spesiaal bedank dat sy die dag saam met hulle deurgebring het, asook Adéle Hart en die “ou” span vir hul nalatenskap. “Dan wil ek ook die bemanningslede van ons stalletjie bedank, asook ons borge vir die gazebo's - dit word opreg waardeer,” het Sylvia gesê.
Vir navrae oor die Seagulls Netbalklub kan Sylvia by 072 413 6861 geskakel word.

**Hardus Botha**


*Die trotse Seagulls Netbalspan.*


*Magrieta Adams, stigter van Seagulls Netbalklub.*



Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

# 'Kappityters' maak groot verskil aan Groeneweide se vleiland





Die De Kelders Uitkap- en Bewaringsgroep (oftewel die 'Kappityters'), het op Saterdag, 30 Mei 2026, op die Groeneweide-plaas saamgetrek ter ondersteuning van die Groeneweide-vleilandherstelprojek. “Hierdie projek het onder andere ten doel om die wydverspreide voorkoms van indringerplante, ná die onlangse brande in die vleiland op die plaas, te assesseer en te beheer,” vertel Johan Neser van De Kelders. “Deelnemers het op hierdie dag, binne die bestek van een uur, sowat 2 350 saailinge van die hoogs indringende en uitheemse langblaarwattel (*Acacia longifolia*) uit die bedreigde Overberg Sandsteen-veldtipe verwyder.” Mathilda Roos van Groeneweide het die span ná afloop van die saamtrek op 'n begeleide toer na die skouspelagtige Vierwatervalkloof geneem, waar die natuurprag van die vroeë winter almal betower het.

Johan vertel dat die 'Kappityters' gedurende April 2026 as 'n groep inwoners van De Kelders en Perlemoenbaai bymekaargekom het - almal met 'n passie vir die bewaring van die unieke en bedreigde Strandveld-fynbos. “Alhoewel die onlangse en wydverspreide brande in baie opsigte rampspoedig was, het dit ook 'n geleentheid geskep vir makliker toegang om die onvermydelike massa-ontkieming van rooikrans (*Acacia cyclops*) in die veld noordoos van De Kelders te beheer,” vertel Johan.

“Die groep het sedert sy ontstaan 'n beraamde totaal van meer as 22 000 rooikransplantjies uit die Strandveld-ekostelsel verwyder.” Daar word nou vir 'n tweede ontkiemingsfase gewag alvorens die groep weer in groter getalle die veld gaan invaar om plantjies uit te trek. Johan sê daar is reeds 'n sigbare impak te bespeur en dat daar hoop is vir verbeterde ongereptheid in die gebiede wat gebrand het.

Die Uitkap- en Bewaringsgroep bestaan tans uit 52 lede wat op 'n vrywillige basis vir beplande sessies bymekaarkom. 'n Tipiese sessie word deur sowat 15 beskikbare lede op 'n slag bygewoon en is beide 'n doelmatige en sosiale geleentheid om 'n verskil aan die gemeenskap se lewensgehalte te maak.

Die groep is oop vir enige belangstellendes en hul aktiwiteite is nie beperk tot die onmiddellike omgewing van De Kelders nie. Deur met individue en ander groepe wat dieselfde passie vir die omgewing koester hande te vat, kan 'n positiewe momentum tot voordeel van die omgewing in die groter Gansbaai-gebied ontwikkel.

Aan die begin van Mei is 'n unieke *Living Wetland, Living Soil Festival* op Groeneweide aangebied. Die doel was om bewustheid van die vleiland op Groeneweide te skep. “Na die vernietigende brand is die vleiland toeganklik en bestaan daar nou die geleentheid om die indringerplant *Acacia longifolia* se saailinge uit te trek,” het Mathilda Roos van Groeneweide destyds aan die Gans-Berg Nuus gesê. Sy het verduidelik dat die 100 hektaar-gebied die kritiek bedreigde Agulhas-sandfynbos insluit. Meer as 400 fynbosspesies is reeds op Groeneweide geïdentifiseer, waarvan 31 bedreig word. Sowat 30 *Erica*-spesies en 17 *Protea*-spesies is reeds aangeteken.





***Mimetes cucullatus* (Rooistompie) - kenmerkend van die Overberg Sandveld Fynbos.**

Nou het die 'Kappityters', die De Kelders Uitkap- en Bewaringsgroep, verder die daad by die woord gevoeg deur Mathilda en Groeneweide se herstelpogings te ondersteun. Vir verdere inligting kan belangstellendes kan Johan Neser by 083 376 5149 kontak. Sluit gerus by hierdie unieke groep aan – alles is tot voordeel van ons kosbare omgewing.

**Hardus Botha**

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za





Curro Preschool. Play-based learning. Exploring from ages 4 month till 5 years. Grade R is part of the Primary School.

Grimm Times, Music Rhymes. Primary School Intermediate Phase bi-annual school concert.





Mr Scholtz. Primary school teacher.




Bak en brou groep 4. Hulle het geleer van wiskunde (hoe om te tel en af te meet en somme te maak), instruksies te volg (resep te volg), geduld (wag tot als klaar gebak is) en om met maatjies te deel na die tyd.





Grade 6 Robotics Interschools


Boys u18 Football team



Gr 7 se laaste konsert voor hoërskool


Matriek 2026. Akademiese prestasies. Deel van die Top 10 in graad 12 vir eerste kwartaal.


Grade 7 Leadership Summit


Grade 7 Leadership Summit



